



# KOMPAS

## FUNKSIONARISSE

### PREDIKANT

Ds. Hennie Schutte (011 693 5495); [hschutte@telkomsa.net](mailto:hschutte@telkomsa.net)  
SKRIBA

Oudl. Fanie J.v. Vuuren, 692-2312; [sphms@absamail.co.za](mailto:sphms@absamail.co.za)  
KOMPAS

Oudl. Sarel Steyn, 082 825 4485; [sarel.steyn@gkwesrand.org.za](mailto:sarel.steyn@gkwesrand.org.za)  
DIAKONIE

Diak. Barry Pieterse, 082 467 7814, [barrypieterse@dewfresh.co.za](mailto:barrypieterse@dewfresh.co.za)

[www.gkwesrand.org.za](http://www.gkwesrand.org.za)

### POSADRES:

Posbus 6058; Greenhills; 1767

Gereformeerde Kerk Wesrand  
ABSA Bank  
Randfontein tak (334341)  
Tjekrekeningnommer 320340128

Kompas 260

Nr. 38/12

16 SEPTEMBER 2012

Psalm 27:8-9:

Ek onthou wat U gesê het: Julle moet My kom dien!. Ek is hier om U te dien, Here. Moet U tog nie vir my verberg nie

### DIENSBEURTE & KOLLEKTES

	16 September 2012	23 September 2012
Ouderling	Hennie Heystek (Wyk N)	Danie de Beer (Wyk O)
Diaken	Henrico Heystek	Wyk is vakant
Kollekte tydens diens	Diens van Barmhartigheid	Diens van Barmhartigheid
Deurkollekte 1ste diens	Sustentasië	Kerkkas
Deurkollekte 2de diens	Vervoer	SLEGS EEN DIENS

### LIEF EN LEED

Die volgende lidmate het u voorbidding en besoek dringend nodig aangesien dit nie goed gaan met hulle gesondheid nie:

- Sr. Gorerdina Coetzee sukkel baie met haar gesondheid
- Br. Pieter Venter sukkel baie met sy gesondheid.
- Sr. Magriet Kruger is baie siek.
- Sr. Ans Potgieter is baie siek.

### ➤ VERJAARSDAE DIE WEEK

16 Sep – Sr. Marlize VAN DER WALT (Belydend) Tel huis: 011 412 2663

20 Sep – Sr. Isabel DU PLESSIS (Belydend) Tel huis: 011 693 1415

20 Sep - Jbr. Shawn OOSTHUIZEN (Doop) Tel huis: 079 915 2644

22 Sep – Jsr. Anrika APPELCRYN (Doop) Tel huis: 011 416 2250

22 Sep - Sr. Este SWART (Belydend) Tel huis: 011 693 1984

\*=70 en ouer / \*\* = 80 en ouer / \*\*\* = 90 en ouer

### KOMBI

Lidmate wat vervoerprobleme het en gebruik wil maak van die kombi, moet br. Lukas nie later as Vrydae skakel nie, aangesien daar beperkte plek beskikbaar is.

U kan hom kontak by 011 693 4433 of 083 698 2751.

## KATKISASIE

16 September 2012 - Les 23 23 September 2012 – Geen Les  
Belydenisklas: Elke Woensdag om 17:00 by die pastorie.

## SOPPAKKIE PROJIEK

Daar is lidmate in ons gemeente wat op 'n daaglikse basis vir arm kinders kos gee. Om hulle by te staan en te help, versoek ons die gemeente om pakkies sop te skenk. By die twee portale van die kerk is houers neergesit waarin u die pakkies kan neersit. Die diakonie sal dit dan aan die suster besorg.

## BLIKKIEPROJIEK




Ons versoek die hele gemeente om ons weer, soos verlede jaar, te help en die sente te laat inrol. Suster Marthsie Jansen van Vuuren en br. Lukas word hartlik bedank vir julle tyd en opoffering om hierdie projek vir ons te dryf en die geld te tel en te bank.

## KERKLIKE BYDRAES

*'n Kerk se finansiële voortbestaan is afhanklik van die vrywillige bydraes (dankbaarheidsoffers) van elke lidmaat. Die Kerkraad doen 'n beroep op elke lidmaat om, met die nodige erns en in gebed voor God, hierdie offers gereeld by te dra.*

Elke lidmaat het die verantwoordelikheid om sy dankbaarheid te toon deur 'n tasbare bydrae te maak. Dit is 'n gebedsaak en elkeen moet gee volgens vermoë. Hierdie geld word gebruik om die kerk en erediens in stand te hou.

Daar is 3 maniere om u kerklike bydraes te maak:

-  Direkte bydraes - elektronies of internetbetalings.
-  Aftrekorders – deur u by u bank gereël.
-  Koevertjies – tjek of kontant by bussies by kerk ingegooi.

**By alle metodes moet u asseblief die verwysing meld sodat ons die betaling aan u NAAM EN WYK kan koppel.**

## BYBELSTUDIE

Ons sal geen Bybelstudie hê op Donderdag, 20 September 2012, nie, maar ons sal volgende Donderdag, 27 September 2012, afsluit vir die kwartaal.

## **SEPTEMBER IS GEHOORBEWUSTHEIDSMOAND!!! SUKKEL U OM TE HOOR?**

Skakel gerus vir ROBINSON GEHOORSENTRUM om 'n afspraak te maak vir 'n GRATIS gehoorsiftingsstoets gedurende September 2012.  
011 412 2412



## SENIOR BURGERS

U word vriendelik uitgenooi na die senior burgers se afsluiting op 5 Oktober 2012 in die kerksaal te Jakarandastraat. Ons begin om 09:30 vir 10:00. Hierdie is een geleentheid wat u nie moet misloop nie.

Kom kyk na die kindertjies se toneel en luister na hulle sang en voordrag.



# Randall Wicomb

## Sing Griekwapsalms

**14 Oktober 2012**  
**11:00**

**Gereformeerde Kerk**  
**Krugersdorp**  
h/v Premier & Beginstraat

**Kaartjies: R50 pp**  
Verkrygbaar by die Kerkkantoor  
(011 660 7089)

## SKOU 2013

**Ons het weer met voorbereidings vir die  
2013 skou begin.**

<del>28 Augustus 2012</del>	-	<del>Wortels</del>
<del>04 September</del>	-	<del>Wortels</del>
<del>11 September</del>	-	<del>Wortels</del>
<b>18 September</b>	-	<b>Uie</b>
<b>25 September</b>	-	<b>Uie</b>
<b>02 Oktober</b>	-	<b>Uie</b>

**Ons begin Dinsdae oggende by die saal om  
08:00**

# LITURGIE

SONDAG 16 September 2012

## **EERSTE DIENS**

**Ds. Hennie Schutte**

**Lees: Lukas 15:11-32**

**Teks: Lukas 15:17a**

Ps 66:1;7

Ps 73:1

Ps 89:1

Ps 73:10;12

**TEMA: God soek sy Kind se hart**

## **TWEEDE DIENS**

**Ds. Hennie Schutte**

**Lees: Gal. 3**

**H.K. So 2 vr. 3**

**Teks: Gal. 3:10(b)**

PSALM 86 : 1

PSALM 119 : 17

PSALM 80 : 1;10

**TEMA: Ken jy jou ellende, kind van God?**

